JACOBSDAL PRIMÊRE SKOOL
NUUSBRIEF: 34 28 Okt – 04 Nov 2022

TWEEKAMP
Baie sterkte aan die leerders wat Dinsdag, 1 November aan die 2de liga in Bloemfontein gaan deelneem. Die bussie sal om 10:45 vertrek. Leerders kan 10:30 verdaag.

KRIEKET
Die 0/11B en 0/13B spanne het Maandag, 24 Oktober teen Newton wedstryde gespeel. Ons het ongelukkig verloor, maar die seuns was bly om die geleentheid te hê om wel 'n wedstryd te speel.

0/11A het Dinsdag, 25 Oktober teen Willem Postma 'n wedstryd gespeel. Ons het ongelukkig verloor, maar elke wedstryd wat gespeel word is 'n nuwe ervaring en met elke wedstryd verbeter die seuns net nog meer. Hulle speel Woensdag, 2 November teen President Brand in Bloemfontein om 14:00. Die bussie sal 11:00 vertrek en die seuns kan 10:45 verdaag.

0/13A speel Saterdag, 29 Oktober teen Seodin op Staats se velde om 08:00.

TENNIS
Baie sterkte aan die seuns en dogters wat Maandag, 31 Oktober teen Douglas wedstryde speel in Jacobsdal. Die dogters sal by Jakkies se bane speel en die seuns by Landboudal se bane.
Die wedstryde sal om 14:30 begin. Koshuiskinders kan 13:45 verdaag en die res verdaag normale tyd om 14:00. Die bussie sal die seuns Landboudal toe vervoer indien hul vervoer kort.

Baie sterkte aan die 6 leerders wat Saterdag, 29 Oktober aan die Gr.2+3 Newton Tennis Toernooi in Kimberley gaan deelneem.

Baie geluk aan elke speler wat 21+22 Oktober aan die Novals Toernooi in De Aar deelgeneem het.
Baie geluk aan die volgende leerders wat plekke behaal het:
- 0/8: Ané de Wet – 5'de plek
- 0/10: Lizae Swanepoek – 5'de plek
  Elri de Wet – 6'de plek
  Rauch Burger – 2'de plek
  Ruben Bann – 4'de plek
- 0/14: Leo Wilkinson – 6'de plek

ATLETIEK
Baie sterkte aan die atlete wat Saterdag, 29 Oktober aan die JF Atletiek Uitnodigings Byeenkoms gaan deelneem. Mag dit die begin van 'n goeie atletiekseisoen vir julle wees.

BUITEMUURS
Die buitemuurse oefeninge vir die jaar is eers verby. Die toetsweek begin Dinsdag, 1 November. Die leerders gaan nou eers fokus op akademie met die eksamen wat om die draai is. Ouers moet kyk dat leerlinge steeds oefen en hul vaardighede bly ontwikkel.

RUGBY en NETBAL PROEWE
Die 0/13 –netbal en rugby toergroep proewe sal op Dinsdag, 15 November gehou word. Alle Gr.5+6 leerders asook Gr.4 leerders wat 12 jaar oud word in 2023 moet hul name vanaf Maandag by Liané kom opgee asseblief.

KOEKIEVERKOPING
Leerders moet asseblief 'n geldjie saambring vir die Graad 1 koekieverkoping op **Maandag, 31 Oktober**.

OUERBEGROTINGSVERGADERING
Ouers word herinnner aan die baie belangrike Ouerbegrotingsvergadering wat op **Vrydag, 4 November om 12:00** in die sportkamer plaasvind. (Voorlegging van ons finansiële begroting vir 2023)
Ons doen 'n beroep op alle ouers, vir wie dit moontlik is, om dit asseblief by te woon. **Die begroting moet deur ons ouers goedgekeur word.**

DANKSEGGINGSDIENS EN MUNTLEGGING
Ons kinders hou 'n muntlegging vir die DBV op Vrydag, 4 November. Enige skenkings van troeteldier produkte (bv. hondekos of katkos) is welkom.
Die dankseggingsdiens vind ook plaas op Vrydag, 4 November en begin 07h30 in die saal. Ouers is welkom om dit by te woon.

.....
Mnr PW Tait
SKOOLHOOF

GEBEDSLYS:

Ons leerders wat gaan toetse skryf.
Melissa Koorzen (knie operasie)
Zonicka Okes (hospitaal)
Juffrou Drini Brand se ma (hospitaal)

ENVIROQUIZ

Baie geluk aan die Enviroquiz-span wat provinsiaal ‘n 10’de plek behaal het. Dit is ‘n besonderse prestasie. 1600 spanne het deelgeneem. Die volgende leerders is deel van die span:

- Amber Rheeder
- Jean Brits
- Adriaan Burger
- Schalk-Willem Engelbrecht

Bemoedigende boodskap

HUIS TE HUUR VIR 2023 IN JACOBSDAL

Voorkeur sal beslis gegee word aan (twee) moeders wat jong kinders in Jacobsdal wil laat skoolgaan en nog nie die kinders in die koshuis wil sit nie.

ADRES:

Piet Retiefstraat 10 – binne loopafstand van Primêre Skool

VOORDELE VAN DIE ERF

- Hoë heining met lemmetjiesdraad bo-op
- Boorgat met watertenk
- Dubbelgarage
- Grasperk
- Troeteldiere mag aangehou word
- Goeie bure

DIE HUIS:

Koopkrag
Twee en 'n halwe slaapkamers
Oopplan kombuis en sitkamer
Aparte toilet en badkamer
Alarmstelsel gaan ingesit word

NAVRAE:

Buite skoolure Annalie du Preez: 084 909 0043

HUUR:

R5 600 pm